Die NAMPO/ALFA 2020 aanlyn-suiwelprogram.

NAMPO/ALFA poog om al die vee-produksiespesies wat onder die Veeverbeteringswet geregistreer is, by die program in te sluit. Sedert die eerste aanbieding van die ALFA ekspo was die suiwelbedryf 'n geintegreerde deel van die program @ ALFA. Met die skuif van ALFA na Nampo Park, is daar uitgesien om hierop te bou.

2020 het egter uitdagings kom stel wat reëlings heeltemal verander het. Die aanbieding van die eerste NAMPO/ALFA 2020, 24-26 September 2020 te Nampopark is amptelik op 1 Julie 2020 weens die Covid-19 regulasies gekanseleer. Daar is ook op hierdie stadium geen moontlikeid dat die geleentheid uitgestel sal word tot 'n latere datum nie. Al die projekte van NAMPO/ALFA 2020 sal dus in 'n aanlyn formaat aangebied word en, hoewel ons dit gaan mis om almal op Nampopark te verwelkom, voeg die aanlyn formaat 'n nuwe dimensie tot die projekte toe. Dit geld ook vir ons suiwelprogram by NAMPO/ALFA 2020 en ons vertrou dat die program wat ons saamgestel het, aan die verwagting sal voldoen.

Die NAMPO/ALFA 2020 suiwelprogram bestaan die jaar uit 'n reeks geleenthede wat almal in een week saamgevoeg is, 3-6 November 2020 en word deur die volgende projekte opgemaak: Die GWK suiwel-prestasiekampioenskap wat weer saam met SA Stamboek aangebied word is die hoogtepunt van die program. Hierdie jaar word beide koeie en verse betrek en word 'n balans geskep tussen genetiese en fenotipiese evalueering. Die projek word ondersteun deur 'n webinaar waar die diere wat ingeskryf is deur die beoordeellaars bespreek word en daar na die toekoms van prestasiemeting in die suiwelbedryf gekyk word. Hierdie geleentheid word op DigiAgri kanaal aangebied. Twee melkbeeskuddes en een melkbokkudde word by drie landbouskole uitgerol en 'n aanlyn-suiwelveiling word deur GWK Veewinkel aangebied. 'n Opwindende nuwe projek gaan definitief aandag trek en laat ook reg geskied aan ALFA se fokus op melkbokke sedert die eerste aanbieding van ALFA: 'n Kleinvee-suiwelwebinaar word saam met Belnori kaasfabriek en Agri Gauteng aangebied wat op die melkbokbedryf gaan fokus. SA Stamboek se suiwel Logix Elite suiwelprysuitdeling word aanlyn op DigiTV uitgesaai en die nasionale kongres van die MPO vind ook in die week. Hierdeur plaas ons die fokus net verder op die SA suiwelbedryf. Die uitsendings sal op die DigiTV platform beskikbaar wees asook die NAMPO/ALFA webblad. Op hierdie manier word 'n nasionale gehoor bereik wat of betrokke is in die suiwelbedryf of belangstel om deel te neem.

Nogmaals baie dankie aan al die borge en vennote wat hierdie program moontlik maak:

- GWK naamborg van die suiwel-prestasiekampioenskap & webinaar
- Belnori asook die onderskeie borge van die suiwelkleinvee webinaar
- Agri Gauteng se Agri-kanaal wat die aanlyn uitsendings hanteer
- SA Stamboek
- MPO
- GWK Veewinkel wat die veiling sal hanteer
- Die PLAAS Landboujeug Stigting van die skoleprojek koördineer

Dit spreek van maatskapye en organisasies wat 'n werklike verbintenis tot die bedryf het en nie net "mooiweers-vriende" in goeie tye is nie. Daarom verdien hierdie maatskapye en organisasies die suiwelbedryf se ondersteuning.

SUIWELPROGRAM @ NAMPO/ALFA 2020

Hier volg die suiwelprogram vir NAMPO/ALFA 2020. Hierdie datums is redelik finaal en enige veranderinge sal onmiddelik gekommunikeer word.

SUIWELPROGRAM @ NAMPO/ALFA 2020		
Datum	**Projek**	**Aksie**
31 Aug	GWK suiwel-prestasiekampioenskap	Amptelike uitnodigings tot deelname word uitgestuur
16 Okt	GWK suiwel-prestasiekampioenskap	Inskrywings van videos sluit en beoordeling begin
3 Nov	Veewinkel suiwel aanlyn veiling	Veiling aanlyn aangebied deur Veewinkel open
3 Nov	Dairymail Morgenzon Holsteinkudde oorhandiging	PLAAS landboujeug Stigting projek loodsing
3 Nov	Dairymail Weston Jerseykudde oorhandiging	PLAAS landboujeug Stigting projek loodsing
3 Nov	Dairymail Merenski melkbokkudde oorhandiging	PLAAS landboujeug Stigting projek loodsing
4 Nov	GWK suiwel-prestasiekampioenskap	Webinaar oor beoordeling & prestasiemeting
4 Nov	Logix Elite nasionale suiwel prysuitdeling	GWK prestasie wenners word hier aangewys
5 Nov	Kleinvee suiwel webinaar	Kleinvee suiwel ekspo
4 Nov	Veewinkel suiwel aanlyn veiling	Veiling aanlyn aangebied deur Veewinkel sluit

Albert Loubser is die koördineerder van die program en kan gekontak word by 082 562 2188 of per epos by albertloubser@gmail.com. Besoek ook die Nampo/ALFA Facebookblad en webblad vir verder inligting.

1. Die GWK suiwel prestasiekampioenskap @ NAMPO/ALFA 2020.

Die bek-en-klou uitbraak en die Covid pandemie het dit onmoontlik gemaak om enige lewendehawe kampioenskap vir 2020 aan te bied aangesien daar hierdie jaar geen skou in SA aangebied is nie. Daarom het ons besef dat skoue, soos ons hulle die afgelope eeu leer ken het, sal moet verander om by uitdagings soos ons tans beleef, aan te pas. Dit was deel van ALFA se oorspronklike konsep om die laboratorium van nuwe ontwikkelinge in die veebedryf te wees. Hier is nou ‘n geleentheid om ‘n nuwe kosep te toets waar tegnologie saam met visuele beoordeling gebruik word om sodoende ‘n nuwe regime te skep van hoe ons ons eeu-oue skou erfenis kan laat voortleef in ‘n nuwe formaat.

Daar is vannaf die eerste ‘n GWK interras suiwelskou as deel van die ALFA program aangebied. Ook is daar verledejaar ‘n vers- prestasiekampioenskap toegevoeg tot die program. As ons in ag neem dat prestasiedata die enigste manier is om voortreflike suiwel-genetika te identifiseer vir maksimum ekonomiese produksie, en dat fenotipiese beoordeling van suiweldiere belangrik is, dan spreek dit vanself dat ons ‘n middeweg moet vind waar daar aan beide genetiese evalueering en fenotipiese evalueering aandag geskenk moet word. Daarom is hierdie geleentheid ‘n SA eerste waar tegnologie ook nog ingespan word om die suiwelbedryf verder te ondersteun.

Die beoordeling word gedoen op grond van videos en fotos wat die eienaars self met hul selfone neem. Daar is geen interras kompetisie nie, wenners word slegs binne rasse aangewys. Daar is verskillende klasse waaraan telers kan deelneem

Die reëls en protokol van die kompetisie is beskikbaar op die webblaaie van GWK, SA Stamboek en Nampo/Alfa. Die wenners word hierna aangewys op die Logix suiwel se nasionale elite aanlyn-prysuitdeling van SA Stamboek wat op DigiAgri se platform uitgesaai word.

2. Die GWK Veewinkel aanlyn veiling:

Hierdie veiling word aanlyn tydens die ALFA suiwelweek aangebied. Meer inligting sal nog bekend gemaak word.

3. Die Belnori kleinvee suiwel aanlyn-ekspo saam met Agri Gauteng

'n Aanlyn geleentheid word aangebied by die bekroonde Belnori kaasfabriek wat fokus op die behoeftes en realiteite van die kleinvee suiwel sektor. Hierdie geleentheid word ook op die DigiAgri platform aangebied.

4. Die plasing van Suiwelkuddes by die landbouskole saam met die PLAAS landboujeug stigting.

Die MPO met sy tydskrif, The Dairymail tree as mediaborg op vir die suiwelprogram van PLAAS landboujeug stigting. Drie kuddens word tydens die ALFA suiwelweek gevestig:

- MPO Dairymail Morgenzon Holstein kudde
- MPO Dairymail Weston Jersey kudde
- MPO Dairymail Merenski melkbokkudde